

**PASTORALE SKRYWE VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE ALGEMENE SINODE
OP DIE VOORAAND VAN 21 DAE VAN ALGEHELE INPERKING – 27 MAART
TOT 16 APRIL 2020**

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Van Nioma, James, Dewyk, Maartje, Elise en Gustav op die vooraand van drie weke van algehele inperking te midde van die wêreldwye korona-pandemie. Nelis is tans met sabbatsverlof, maar ons weet dat hy hierdie boodskap heelhartig sal onderskryf.

Bêre hierdie brief totdat jy kans het om dit rustig oop te maak en te lees. Dit is 'n persoonlike boodskap vir jou. Die boodskap is nie bedoel om in die gewone sin van die woord 'n amptelike skrywe te wees nie, maar eerder om spreekwoordelik 'n rukkie daar by jou te kom sit waar jy op die oomblik alleen by die huis is. Ons skryf ook vir jou vanaf ons rusbanke, en nié vanuit ons kantore nie. Laat gaan sommer net 'n oomblik jou gedagtes oor die name en gesigte van kollegas oor die land heen en in Namibië, net soos óns nou doen terwyl ons hier skryf. Wat is jou gebed nou vir jou kollegas? Wat kan ons vir jou bid?

Die wêreld rondom ons het oornag verander. Dalk voel jy soos James. Hy sê hy skarrel nog net die afgelope week om in hierdie vreemde nuwe omgewing iets sinvols gedoen te kry. In sy lewe moes hy nog nooit die polisiekantoor kontak om te hoor hoe gemaak met 'n kleinerige begrafnis nie. Nou lê daar drie weke voor waarin siekesorg, sterwensbegeleiding en begrafnisse selfs nog meer onseker is. Maartje erken dat alles vir haar en Zander nog onwerklik voel, met die gevolg dat sy nog nie eens regtig oor haar eie huis gedink het voordat die inperking Vrydag begin nie. Sy het wel 'n broos oomblik beleef toe haar 10-jarige vra: “Mamma, wie gaan na my en sussie kyk as jy en Pappa dalk siek raak?” Een van Dewyk se kinders wag om te hoor wat die hoof- uitvoerende beampte van Anglo America uit Londen met Gwene Matshe uitrig, want die grootbaas in Londen het glo gesê die myn sál oop bly. 'n Mens dink aan jou geliefdes en hulle onsekerhede terwyl jy besig is om video's op te neem en nuwe bedieningsplanne te maak.

Elise en haar gesin het geregistreer as vrywilligers om saans die rakke van die apteek te gaan regpak sodat hierdie noodsaaklike diens in die oggende voortgesit kan word en die personeel kan rus. Ek self probeer my jong volwasse student en volgroeide tiener oortuig dat ons drie al die ruite in die huis in dié tyd moet was. Dan herinner hulle my baie gou: “Onthou, Mamma is eintlik aan diens, nie met vakansie nie.” Ek noem dit ontduiking. Feit is, liewe kollega, jy is ook ma, pa, oupa, ouma, broer, suster, geliefde in hierdie tyd, en tog weet ons terwyl ons hier skryf dat jy dalk meer as een aand gaan wakker lê omdat die lyding rondom jou jou hart as geroepene diep gaan raak. Ons wil hê jy moet weet, terwyl jy dit vir ander sê, is ook jy nie alleen nie.

“A crisis do not create our theology, it reveals it,” verduidelik Esau McCaulley. Miskien het jy ook al in jou hart begin wonder hoe hierdie pandemie die vrae wat mense, ook jy, oor God

vra, gaan beïnvloed? Hoe gaan jy dit antwoord? James sê dit voel vir hom of sy verstaan van pastoraat meteens nie meer geldig is nie. Of is daar dalk nou 'n ander manier om net in stilte by mense te wees totdat God se teenwoordigheid vir hulle deurbreek? Elise haal aan uit 'n gedig van Steve Garnaas-Holmes, "Present Shepherd". Soek en lees gerus die hele gedig wat 'n verwerking van Psalm 23 is:

But the Good Shepherd leads you into the present moment. The green pastures may be distant from this shadowed valley. You fear the smallness of your vision. Meanwhile the Shepherd is here with us, leading us, right now. Behold this moment. Behold the love. Look till you see beauty. Stay till you know. It is not protection from the future, but the presence of the Shepherd, that is your peace. Trust that peace.

Die ondenkbare het gebeur. Die wêreld is tot stilstand geroep. Dit laat Gustav dink aan Walter Brueggemann se boek *Sabbath as Resistance: Saying No to the Culture of Now*. Is COVID-19 dalk 'n geleentheid om die betekenis van die vierde gebod te herontdek? Is dit nie so dat die tempo van die 21ste eeu 'n eindelose ratwerk van produksie, 'n weg van eindelose begeerte, eindelose druk op prestasie en eindelose rusteloosheid sonder enige sabbat is of was nie? Brueggemann wys daarop dat dit feitlik die presiese leefstyl van die farao se regime in Egipte was. Die sabbat, aan die ander kant, bied 'n alternatief – die erkenning dat die welstand van die skepping en van die mens nie van eindelose werk afhang nie. Die alternatief is 'n ekonomie van medemenslikheid en buurmanskap as natuurlike uitvloeisel van ware aanbidding. Daarom is die sabbat nie net rus wat verkwik nie. Dit is rus wat transformeer. Gaan die ná-Covid-leefstyl anders lyk as die lewe voor die pandemie?

Daar is soveel wat ons as vanselfsprekend aanvaar, sê Maartje, soos ons vryheid en ons gesondheid. Dalk help hierdie 21 dae ons om te reflekteer oor wat werklik belangrik is en waarmee ons daagliks besig is? Dewyk wil jou aanmoedig om in hierdie tyd met boodskappe en oproepe uit te kom by daardie goeie vriende by wie jy die afgelope tyd hopeloos te min uitgekom het, waarskynlik omdat die bediening jou net so ingesluk het.

Ons wil jou herinner aan jou roeping en aan die trou van God. Dalk het jy so pas die bediening betree en skielik staan die wêreld op sy kop. Dalk lê aftrede kort om die draai en nou gebeur hierdie ingrypende ding. Dalk het jy moed verloor. Miskien is jy moeg. Moedeloos. Dalk het jy groot planne vir die jaar gehad en nou lyk dinge totaal anders en onseker. Dit is nié sonder betekenis dat ons nou in Lydenstyd is en dat tyd van algehele inperking in die week ná Opstandingsondag eindig nie. Die kruis van Christus is die simbool van God se liefde vir mense in nood. Mag jy persoonlik diep troos hierin vind. Christus se oorwinning oor die dood is die hart van die Goeie Nuus waarvolgens ons leef. Mag jy met vreugde gevul word elke keer wanneer jy in die volgende drie weke aan hierdie waarheid dink.

Net daar waar jy nou sit – ontvang die seën van die Here vir jou en vir jou huis: Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!